# 21 Augustus 2023 - Lesing 105 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die Voorloper van JaHshua – 28/2/59

**NO: 7295** Wanneer julle sal hoor dat iemand op ongewone wyse van die Meester spreek, dan sal julle weet **dat die laaste fase van die eindtyd aangebreek het.** Dat die Voorloper van JaHshua Messias weer sy opdrag sal uitvoer, naamlik om **Hom aan te kondig**, Wie sal kom op die dag van die oordeel om Syne te kom haal en die aarde te omvorm soos verkondig in woord en geskrif.

Hy sal heeltemal **onverwags** verskyn en uit homself spreek, want die mag van sy stem sal geweldig wees, omdat hy die mense sal aanspreek op so 'n ernstige en betekenisvolle manier, dat baie onder die indruk sal kom en sy woord in hulleself sal opneem. Hulle sal ook insien dat hy die Woord van God verkondig, omdat die **tekens** wat hy sal doen om sy medemens te help, buitengewoon sal wees.

Hy sal 'n ware "wonderdoener" wees vir die **armes en ongelukkiges,** 'n helper in die nood wat oor alle mense sal losbars in die tyd wanneer hy sal optree. Hy sal hardop en duidelik spreek en sal hulle, wat sy werk wil verbied, nie vrees nie.

Des te meer sal hy almal aan die kaak stel wie teen God se wil spreek en handel. **Daarom sal hy gehaat en vervolg word deur die magtiges van hierdie aarde**, wat hy onbarmhartig sal beskuldig weens hulle gedrag teenoor die mense.

Maar die kloof tussen die aardse en die geestelike wêreld sal al te groot wees, sodat van dié kant geen begrip meer te verwagte sal wees vir hom wat "roepende in die wêreld woestyn" verkondig nie. Hulle sal hom uitlag en hom reeds daaroor vervolg, omdat die toeloop na hom toe steeds groter sal word, want daar sal tog mense wees wat onder die indruk sal kom, - tot ergernis van die **maghebbers wat teen elke geloof sal optree.**

Dit sal die tyd wees wat kort vóór julle lê - en nie lank meer nie - of julle sal van hom hoor. Maar weet dan dat julle standvastig sal moet bly, want met sy verskyning sal dit beslissend wees na welke rigting julle julleself sal wend. **Want dan sal dit slegs gaan om julleself vir God of vir die wêreld uit te spreek** en die Voorloper sal vir julle 'n sterk steun wees, sodat julle die Weg na God kan neem, want oortuigend en geweldig sal sy spraak wees.

God sal Self deur hom so onmiskenbaar spreek dat dit vir geen mens moeilik sal wees om self by hom aan te sluit nie, omdat hy sulke **duidelike getuienisse** van sy roeping sal gee, dat die mense al daaraan sal kan sien wie hy is.

Hy weet self van sy missie, dat dit sy laaste opdrag is om vóór die Meester uit te gaan en Hom met 'n harde stem te verkondig. **Hy is self van sy herkoms bewus en ook van sy verskriklike einde**.

Maar niks skrik hom af nie en niks hou hom teë om sy missie te vervul nie en dit sal baie geseënd wees. Wie by hom sal aansluit, sal goed daaraan doen, **want hy sal baie krag by hom kan opdoen en baie lig sal aangesteek word van die groot "Lig",** wat oral heen sal skyn waar dit verskyn.

Hy vertoef reeds onder die lewendes, (28.2.59) maar hy is nog nie van sy opdrag bewus nie, - maar dit sal skielik vir hom duidelik word en sy aardse lewe sal daardeur grondig verander word. **Hy dien weliswaar nou al die Meester** en besef ook die lae geestelike peil waarin die mensdom wegkwyn, maar die oproep het nog nie na hom toe uitgegaan nie, wat egter skielik sal geskied.

En dan sal hy uit die stilte te voorskyn tree waarin hy tot nou toe was en hy sal dan geheel en al bewus wees van sy opdrag, want die Gees van God sal hom dryf en sal aan hom volledige helderheid skenk oor sy missie. **Nou reeds dien hy die Meester met 'n oorgawe** wat hom steeds geskikter maak vir die laaste diens wat hy die Meester wil bewys vóór die einde, vóór Sy Wederkoms.

Julle moet dus slegs ag gee op hom wat God se Woord sal verkondig en julle sal hom dan ook herken, wie **ongewoon op die voorgrond sal tree**.

Hy wil sy ongewone missie vervul, naamlik om die **Koms van die Meester aan te kondig** en die mense deur geweldige predikings op hulle aardse opdrag te wys:

Om boetvaardig te wees en met alle erns aan hulle sieleheil te werk. Hy sal vir hulle die einde aankondig **wat nie lank na sy verskyning sal kom nie, want die tyd wat God die mense gegee het vir hulle voleinding, sal dan vervul wees.** Amein.

***Maleagi 4:5*** *Kyk, Ek stuur julle die* ***profeet EliJaH****[ûW] voordat die groot en ontsagwekkende dag van JaHWeH aanbreek.*

*6 En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die Aarde met die banvloek tref nie. [Wysheid van Sirah 48:10]*

***Openb 11:3*** *En Ek sal aan My* ***twee getuies*** *gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer.*

*4 Hulle is die* ***twee Olyfbome*** *en die twee kandelaars wat voor die Meester van die Aarde staan. [Boekrol van Henog 58:4; ZekarJaH 4:2-6, 11-14]*

***2 Nikodemus 1a*** *En toe hulle die Poort van die Paradys binnetree, ontmoet* ***twee ou manne*** *hulle, aan wie die apartheidsvaders sê: Wie is u wat die dood nie gesien het en in die Doderyk/Sheol nie neergedaal het nie, maar met u liggame sowel as u siele in die Paradys woon? 1b Een van hulle antwoord en sê:* ***Ek is Henog*** *wat JaHWeH behaag het en hierheen oorgeplaas is.*

*1c En hierdie een is* ***EliJaHûW*** *die Thisbiet, en ons sal leef tot aan die einde van die wêreld, maar dan sal ons deur JaHWeH gestuur word om die vals gesalfde teen te staan, 1d en ons sal deur hom doodgemaak word en* ***na drie dae weer opstaan*** *en weggeruk word in die Wolkkolom om Elohim tegemoet te gaan.*